

*Ds J D Kestelle en D E van Velden: Die Vredesonderhandelinge tussen die Regerings van die twee Suid-Afrikaanse Republieke en die Verteenwoordigers van die Britse Regering wat uitgeloop het op die Vrede wat op 31 Mei 1902 op Vereeniging gesluit is. (In Afrikaans vertaal deur F J le Roux in oorleg met prof D J van Zyl). Human en Rousseau, Kaapstad, Pretoria en Johannesburg, 1982 pp.178. Prys onvermeld.*

Om hierdie werk te bespreek is vir my moeilik — moeilik in die sin dat oor die werklike inhoud daar nie iets anders te sê is as dat elkeen wat dit lees daardeur aangegryp word. Min ander historiese werke bevat so 'n uitgebreide, veelsydige en tydgenootlike selfondersoek onder soveel druk. Baie volke moes al in die verlede besluit of hulle 'n bepaalde oorlog of voorwaardes moes aanvaar of verwerp. Maar min van hulle het so 'n volledige weergawe van hulle beredenering in eie geledere asook met die vyand nagelaat. Op sigself is dit iets besonder. Dat dit nou herdruk is, en boonop in Afrikaans, die taal wat die betrokke figure eintlik gebesig het, maak dit soveel te meer besonder.

'n Mens mag wel die vraag vra waarom hierdie historiese stuk nou in Afrikaans herdruk is. Vir die meeste Afrikaners behoort daar tog geen verskoning te wees om die oorspronklike Hollandse uitgawe te lees nie. Dit is immers saamgestel deur die opstellers en notulehouers wat in alle fasette van die gebeure teenwoordig was. Nou het dié hand van 'n vertaler bygekom. Hoeveel van die oorspronklike is behou?

In die eerste plek, kan ons antwoord, leef ons vandag 'n drie-kwarteeu ná die vredesluiting wat maak dat daar 'n hele paar geslagte leef wat die uitwerking van daardie grootse gebeurtenis beleef het, maar vir hulle moeilik kan indink waarom sestig volksleiers juis besluit het om te swig. Ryper in ervaring en met die voordeel dat dit nie ons verantwoordelikheid was om 'n beslissing te neem nie, is dit vandag makliker om 'n oordeel te fel. Juis in hierdie dieper insig, en dit wat die herlees van daardie traumatiese gebeure aan ons verskaf, lê die werklike betekenis van hierdie geskrif.

Die aandeel van die vertaler se hand is enersyds opvallend en andersyds ook nie. Die vertaling is in keurige Afrikaans gedoen. Enkele uitdrukkings, bykans argaïese Afrikaans en wat die vertaler self "ou goud" noem, is behou. Verder doen die vertaling nêrens geforseerd voor nie. Die historiese figure praat 'n eenvoudige en duidelike Afrikaans. Dit maak hulle beredenerings met boerelogika en drie jaar van harde kommandolewe soveel te meer aangrypend.

Die vertaler het wel 'n eie stempel afgedruk. Alhoewel daar streng aan die oorspronklike Nederlandse uitgawe van 1909 gehou is, is daar tog ook afgewyk. Waar die oorspronklike al die oorspronklike Engelse dokumente na Hollands vertaal het met die oorspronklike (Engelse weergawes) in die voetnote, is elke dokument nou in sy oorspronklike taal weergegee.

Dit veronderstel dus dat die leser dié stukke in Engels ten volle sal verstaan.

Ook die oorspronklike uitgawe se faksimilee-afdrukke is by die vertaling ingesluit met die verskil dat hulle nou op ander plekke in die teks voorkom. Juis in die geval is daar twee toevoegings van materiaal wat nie in die

oorspronklike uitgawe verskyn het nie. Dit is die faksimilee-afdruk van die vrygeleide wat aan die regeringslede van die twee republieke deur lord Kitchener uitgereik is, asook 'n bladsy uit die vredesvoorstelle deur die Engelse aan die Boere voorgelê en waarop generaal Smuts en advokaat De Wet wysigings aangebring het. Ongelukkig word hierdie toevoegings nêrens in die werk verklaar of vermeld nie. Dieselfde geld ook vir die verskil in die byskrif by die faksimilee waarin, volgens die oorspronklike, generaal Smuts en Botha veranderinge aangebring het en nou gemeld word dat dit Smuts en Hertzog was. Wat dus andersins 'n bykans presiese weergawe van die oorspronklike kon wees, is dit nou nie die geval nie.

Die vertaler het ook nog twee ander verbeterings aangebring. Hy het die stuk nl. die "Middelburgse voorstel" wat die oorspronklike opstellers aan die einde van hoofstuk V gehad het, as 'n bylae aan die einde geplaas. Ongelukkig dui hy nie hierdie verskuiwing aan nie. Net so stilswyend voeg hy tot die "Lys van illustrasies" die oorspronklike lys van uitgebragte stemme by waar dit in die oorspronklike agterweë gebly het.

Hierdie werk is andersins 'n getroue weergawe van die oorspronklike. En alhoewel, soos in die geval van ons howe, wanneer verskille in ons wette mag teëgekomp word, die ondertekende teks as die werklike geldige beskou word, sal vir historiese navorsing die oorspronklike nog geld. In alle ander gevalle sal hierdie vertaling net so goed soos die oorspronklike wees.

J L Hattingh